



Saamtrekke vir veldwaens

“Ons Sawa-lede is mense wat die buitelewe geniet en juis kamp omdat ons na aan die natuur wil lewe. Die manier waarop ons dit doen kan egter verskil. Party verkies die luuksheid van ’n groot woonwa met sy eie ablusieriewe, ander ’n tentjie met die minimum geriewe. Daar is ook ander lede wat veldwaens het wat graag hulle toerusting meer spesifiek wil aanwend en beproef”

So sê Kiepersollid Willem Nordejé oor ’n voorlegging wat hy en nog ’n Kiepersoller, Willie Bronkhorst, aan die streekbestuur gemaak het oor die aanbieding van

saamtrekke wat op die lede met veldwaens gerig is.

Die voorstel maak voorsiening vir die aanbieding van twee sulke saamtrekke in 2012. Mense in streke van die gebied Jakaranda sal geïdentifiseer word en dit sal ook wyer bekend gemaak word. Dit sal nie net aan ’n behoefte van huidige lede voldoen nie, maar ook die moontlikheid skep om lede te werf wat hierdie spesifieke behoeftes het.

Omdat dit onder die Sawa vaandel geskied, sal die kultuur en waardes van die organisasie uiteraard van toe-

passing wees.

Die streekbestuur het die voorlegging by sy vergadering van 18 Januarie oorweeg en goedkeuring gegee dat Willem en Willie kan voortgaan om reëlings te tref vir die eerste saamtrek die naweek van 16 Maart by Serendipity, ongeveer 50 km vanaf Bela Bela. Die datum is juis so gekies dat dit saamval met Kiepersol se saamtrek by Marula sodat belangstellendes wat nie met veldwaens kamp nie kan gaan kyk wat by so ’n saamtrek gedoen word.

Daar is reeds ’n stelsel in die Jakaranda-gebied in werking waar erken-



Willem Nordejé en Willie Bronkhorst

ning aan bywoning van saamtrekke gegee word afgesien van die aard daarvan. Daar word geen probleme voorsien om op dieselfde wyse erkenning vir die bywoning van veldsaamtrekke te gee nie.

“Die twee kampe wat vir 2012 beplan word sal ook benut word om vas te stel wat die behoeftes is. Die posisie sal deurlopend geëvalueer word” aldus Willem.

Lees binne . . .

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawa-kleuters	6
Kinders by kersboom	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Kerspartytjie	10
Verjaarsdae, lief, leed	11
Kampprogram	11
Fotoblad	12



Opvoering by die kersboomfunksie: Johann Walker, Drian Swanepoel, Andelein Bezuidenhout, Wian en Anieke Burger (Foto: Johann Lemmer)



OORDENKING

Haal die swaar sak van jou rug af in 2012

Op 'n dag laai 'n boer 'n werker op wat langs die pad staan. 'n Paar minute later het die boer in sy tru-spieëltjie gezyk om seker te maak dat sy passasier reg is. Verbaas het die boer gesien dat die man steeds met die swaar rugsak op sy rug sit. Hy het gestop en vir die man gevra hoekom hy nie die swaar rugsak van sy rug aftel nie. Dié het geantwoord: "Meneer, u doen my reeds so groot guns om my op te laai. Ek kan nie verwag dat u bakkie nog hierdie ekstra gewig ook moet dra nie!"

Watter tipe jaar was 2011 vir jou? Was dit 'n jaar gevul met hoogtepunte ('n verlowing, 'n troue, 'n nuwe baba in die familie) Of was dit 'n jaar wat jy eerder so gou moontlik wil vergeet (omdat jy 'n geliefde aan die dood moes afstaan, omdat jy deur 'n egskeiding gegaan het, omdat jy jou besigheid se deure moes sluit of dalk omdat jy die afgelope Kerstyd alleen moes spandeer)?

Soms word ons soos die passasier op die boer se bakkie. Hoewel Jesus reeds vir ons aan die kruis gesterf het om ons hartseer, teleurstelling, seer en sonde weg te neem en aan ons 'n oorfloedige lewe te gee (Johannes 10:10), kies ons om dit soos die groot, swaar rugsak saam met ons te dra.

Luister egter weer na die woorde in Filippense 3:13-14: "... een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."

Wat voel vandag vir jou soos 'n groot, swaar rugsak op jou rug? Waarom kies jy nie om dit los te maak en af te tel nie? Wat verby is, is verby. Kom ons strek ons uit na wat God vir ons in 2012 beplan. Wie weet, dalk is hierdie nog jou beste jaar sover! Sterkte.

Benescke Janse van Rensburg (www.versndag.co.za)

Breër verband

Sawa streef daarna om

vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

Jakaranda se voog

Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, is die streke in Gebied Jakaranda se voog. Kiepersol het hom hartlik welkom.



Gebiedsvoorsitter

Pieter van Biljon is in Oktober verlede jaar herkies as voorsitter van die Gebied Jakaranda. Hy het ook die volgende toekennings ontvang: Gebiedsbestuur; Streekmeriete; Gebiedsmeriete; Streek Ere HG. Johanna het ontvang: Gebiedsbestuur; Gebiedsmeriete; Streek Ere HG. Gesamentlik 100 Eie Streek-saamtrekke; 175 Algemene saamtrekke; Verdienste vir bywoning.



Streekbestuur 2011-2012

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 3176) hennief@agency.co.za
Ondervoorsitter: Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za
Sekretaris: Ina van den Berg (079 393 3977) jannie.ina@gmail.com
Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za
Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za
Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za
Addisionele lede: Schalk Nolte (012 345 1605), Ronelle King (012 664 6611)
 André Baker (012 654 6127)
Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

Oor Sawa in die breë sê die Redakteur:

Uitbreiding in ledetal: Lê die oplossing in sinergie* met veldwaens en viertrekke?



Johann Lemmer

Die NUB het in Mei verlede jaar besluit dat die voorstel oor die moontlike inskakeling van mense met viertrekvoertuie en veldwaens verder ondersoek word en dat hulle op streekvlak ingeskakel word.

Dit spruit voort uit 'n voorlegging wat Rudi Britz, voorsitter van streek Mooifontein, aan die NUB gemaak het. Dit is vir hom belangrik dat Sawa op die manier nuwe lede werf en nie net konsentreer op bestaande lede wat oor viertrekvoertuie beskik nie. Hy voeg by dat die vraag nie is of ons dit moet doen nie, maar wanneer ons daarmee gaan begin.

Na aanleiding hiervan het Willem Nordejé en Willie Bronkhorst, die inisiatief in streek Kiepersol geneem met 'n voorstel dat twee sulke saamtrekke in 2012 gereël word (kyk voorbladberig).

Rudi Britz ▼

Rudi (foto regs) wys daarop dat daar 'n geweldige groot mark vir veldvoertuie en viertrekvoertuie (4x4's) is en vervolg:



“Daar is al op verskeie forums en vergaderings gepraat oor die vinnig groeiende 4x4 mark. Ek dink dit was prof Neels van Heerden (TUT) wat op 'n vorige Sawa-kongres getalle genoem het van die groot aantal 4x4 veldwaens en waentjies wat maandeliks verkoop word. Die getalle het oor die laaste paar jaar drasties toegeneem. Ek verwys ook na die klein sakboekie wat in een van die WegSleep tydskrifte verskyn het waar kopers 'n keuse van honderde 4x4 waens het. Die ouderdomsgroep wat die waentjies aanskaf is tussen 25 en 40 jr. Presies die regte ouderdomsgroep wat Sawa nodig het om sy voortbestaan te verseker.”

“Ek is oortuig dat dit die rigting is waarin ons moet beweeg en dat dit tot groot voordeel vir Sawa as organisasie sal wees. Dit kan beteken dat ons ledetal kan verdubbel en die voordele hieraan verbonde is legio. Met al die jare se ondervinding en goed gevestigde strukture, sal implementering beslis moontlik wees sonder drastiese veranderings. Daar is Sawanante met baie kundigheid wat sal kan help dat dit reg geïmplementeer word.”

“Sawa het tans maar net ongeveer 1700 lede en die getalle neem nog steeds af. Dit is vir jare 'n bekommernis waaroor die Nasionale Voorsitter en omtrent almal wat ek ken al hulle bekommernis uitgespreek het. As ons net kyk na die lede-ontleding wat ons by die NUB ontvang het, sal almal moet saamstem dat daar nog 'n groter probleem op ons wag oor 'n jaar of tien as ons nie dadelik hieraan aandag gee nie. Hier verwys ek na die groot ouderdomspersentasie wat in

die ouer as 50 groep val.”

“Die sukses van die hele plan sal wees tot op hoe 'n mate ons die gewone woonwakaampeerder en die 4x4 man by mekaar laat inskakel. Ons moet vir mekaar sê dat daar verseker gewoontes en dinge is wat by die twee groepe ooreenstem. Dat daar wel ook gewoontes en aspekte is wat verskil kan ook nie wegredeneer word nie. Ons sal 'n middeweg moet vind om altwee te kan akkommodeer. My plan is ook nie om enige een van die groepe oor te rokkel vir die ander groep nie. Daar is soveel meer 4x4 roetes, orde en toere om te verken dat die opsies legio is.”

“Die doelwit moet wees om so veel as moontlik van die 4x4 mark vir ons te wen. Hetsy dit woonwaens, waentjies, daktente of voornemende 4x4 kopers is. Die kuns gaan wees om dit aanloklik te maak vir die 4x4 mark om by ons aan te sluit. Ek kan aan 'n paar huidige voordele dink, maar ons sal nog meer moet uitdink as ons die mark wil wen. Om net 'n paar van die huidige te noem:

- Uiters mededingende en selfs goedkoop ledegelde, vergelykende met ander 4x4 klubs.
- Bestaande groot organisasie wat goedkoop tariewe kan beding deur groot getalle as waarborg.
- Bestaande struktuur wat glad funksioneer met 'n bestaande Grondwet en Riglyne waarin die nodige aanpassings gedoen kan word”, aldus Rudi.

*Sinergie: Samewerking van verskillende dinge (HAT)

Verjaardagpartytjie vir tannie Anna



Sawa-erelede oom Gert en tannie Anna Rall by die verjaardagpartytjie wat die seniors vir haar gereël het

Lekker Kampnuus



Baie by Joos Becker-oord vir kersboomfunksie

Daar was so 'n paar senior burgers wat al die Woensdag 23 November 2011 by Joos Becker-oord begin kamp het, en dan was daar die paar wat al die Donderdagaand daar was met of sonder hulle beter helftes, om 'n bietjie "gees te vang". Die aand is daar heerlik saamgebraai, en hier en daar is daar diep dinge in 'n ligte luim bespreek. Die ongelukkiges het weer die Vrydag gaan werk, maar die meeste het vasgebyt. Daar was omtrent 20 woonwaens, en twee besoekers van Wes-Rand, Kobie en Sophie Harmse.

Vrydagaand is die boekevat waargeneem deur Schalk Nolte, en daarna was daar smaaklike toebroodjies om die innerlike te versterk. Die Saterdag was redelik bedrywig, want daar moes voorberei word vir die groot toneelopvoering wat as deel van die kersprogram sou plaasvind. Hier wil ons vir Erica de Vries baie hartlik bedank vir die groot poging wat sy ingesit het met die opvoering van die toneelstuk om die geboorte van Christus te herdenk. Dis nie maklik om met 'n paar jong bulletjies en versies wat wil handuit ruk en elkeen sy eie idee het van wat moet gebeur, 'n opvoering binne 'n paar minute saam te stel nie, en dan sonder enige "sigbare" haakplekke op te voer nie! Gepaste agtergrondmusiek is gedurende die toneelopvoering gespeel. Die Kersprogram is met boekevat afgesluit, gelei deur Ina van den Berg, en daarna het almal saam 'n paar gewilde kersliedere gesing met musiekbegeleiding.

Ons voorsitter het homself die "verleentheid veroorloof om 'n paar gevleuelde woorde uit die boonste gestoeltes te spreek", en het daarna 'n paar toekennings oorhandig. Daarna kon ons 'n paar minute asemskop voordat die vure aangesteek is, en die musiek so 'n knertsie harder gemaak is. Gedurende die jolighede daarna kon mens darem sien dat daar 'n paar "oues van dae" is wat nog baie lekker kan skud en spring op die maat van ritmiese musiek! Toemaar, julle gaan met die Mandjiedans op 3 Maart 2012 weer 'n kans kry om julle staal (of is dit nou vere) te wys! Om by die oord se reëls te hou het ons so tinnuur se kant opgehou.

Sondagoggend is daar ligte gospelmusiek gespeel die uur voor die erediens om almal in die regte stemming te kry. Die diens is waargeneem deur ds. Emil Haarhoff en daarna is die gebruiklike koek en tee geniet ter afsluiting. Schalk en Marianne het hulle 40ste troudag terselfdertyd herdenk met 'n happe koek vir elkeen.

So het 'n heerlike naweek ten einde gekom, en ons sien uit na die volgende kamp.

**Kampkommandante: Schalk en Marianne Nolte;
Jannie en Ina van den Berg**

Saamtrekdatums

Saamtrekke vir 2012

Volgende kamp:

27 Januarie: Monateng (vier ster)

Kampgeld vir die naweek R430

(Minimum 15 woonwaens)

Seniors vanaf Woensdag: R125 per nag
Kouewaterswembad, plaspoel, waterglybaan, trampolien, buitelig skaakbord, speletjieskamer, lapa. Veilige oord

Kyk program op bladsy 11

Roete: Vanaf N1 neem Cullinan-afrit op die R513. Draai links by tweede stel verkeersligte op R573 Kwa Mhlanga (Moloto) pad. Ry ongeveer 18,5 km. Links op Wallmannsthalpad. Ry ongeveer 1,6 km en draai regs na oord.

24 Februarie: Drie Berge

Kampgeld vir naweek R410

16 Maart: Marula (Bela Bela)

Kampgeld vir die naweek R200

**6 April: Presidente: Klipdraai
Meyerton R150 per nag**

25 Mei: Buffelspoort (Sitrusfees)

15 Junie: Nasionale Winterkamp

18 Augustus: AJV Klein Paradys (Brits)

7 September: Dube (Brits)

**12 Oktober: Nasionale Saamtrek
Malonjeni**

**26 Oktober: Kaia Manzi
Kampgeld vir die naweek R370**

**16 November: Joos Becker (Kersboom)
Kampgeld vir die naweek R260**

Die Voorsitter sê Uitdagings en geleenthede wag hierdie jaar op ons

Hennie Ferreira

Die nuwe jaar is goed op dreef en ek sien uit na 2012 se kampe. Ek maak graag van die geleentheid gebruik om elkeen in die streek voorspoed en seën toe te bid vir hierdie jaar. Mag almal goeie gesondheid en voorspoed beleef.

Wat die ekonomiese vooruitskouing betref wil dit voorkom asof die jaar steeds sy uitdagings gaan hê. Die inflasiekoers sal waarskynlik verhoog en die plaaslike ekonomie kan stram verloop. Werksgeleenthede gaan steeds afneem en die rentekoerse kan verhoog. Dit sal in 'n groot mate afhang van die internasionale ekonomie en veral wat in die eurogebied gaan gebeur.

Sover as moontlik is by die beplanning van die kampprogram faktore soos brandstofpryse, tolhekgelde en kampgeld in ag geneem. Die kampe van 2012 is deur Ina van den Berg (sekretaresse) bevestig en besonderhede is op bladsy 4 vervat.

Ons eerste kamp vir 2012 is te Monateng en ongelukkig is dit 'n duurder kamp en moet ons minstens 15 woonwaens wees om afslag te kry. Indien ons nie 15 woonwaens is nie sal die tarief vir die naweek verhoog. Ek glo julle is almal lus vir kamp, so kan ek asseblief vir julle vra om die kamp te ondersteun (27 tot 29 Januarie 2012). Die seniors kamp reeds vanaf Woensdag en vir hulle is die tarief slegs R125 per nag.

Die kaartjies vir die mandjiedans/sokkie op 3 Maart 2012 te Kendaal te Denel Dynamic (ou Kentron) is gedruk en word deur die streekbestuur beskikbaar gestel. Dit is die enigste fondsinsameling van die jaar vir die streek se kas. Kaartjies kos R50 per persoon. Bring net eie drink- en eetgoed (vure word voorsien) en geniet die musiek deur Musiekvermaak (Schalk en Marianne Nolte).

Wat ons vorige kamp te Joos Becker

betref, dit was lekker en dankie aan elkeen wat gekamp het en veral die groot getalle kinders en kleinkinders wat die Saterdag die kersboom-funksie en gesamentlike braai bygewoon het. (Ons was meer as 66 by die afdak). 'n Fotobeeld van die naweek se verrigtinge verskyn in hierdie Kampkrummels en dit is ook op die Sawa-webblad te sien. Gaan kyk gerus na die pragtige foto's. Namens ons almal baie dankie aan die Redakteur wat die foto's geneem het.



Frank en Hettie Smith gaan voort met die uitreikaksie van Helpende Hand (Solidariteit). Wees daarvan verseker dat die beddegoed, kussings en klere werklik waardeer word deur die mense wat hierby baat vind. Frank sal laat weet wat hulle nodig het en ons aksie dan na behoefte rig.

Ons het reeds in die vorige Kampkrummels gelees van die Drakensbergtoer wat 'n reuse sukses was. Baie dankie aan Frank en Hettie Smith wat as toerleiers opgetree het.

Onthou daar word drie nasionale toere in September na Hartenbos gereël waar SAWA-Kongres 2012 aangebied word. Skakel vir Christo van der Merwe (012-653-2075) vir meer inligting. Dagboek asseblief nou reeds die geleentheid en gaan woon die kongres by.

Aan al die studente en matrikulante baie geluk met die uitslae en spesifiek Johann Lemmer met sy puik uitslae aan die Universiteit van Pretoria.

Ek is steeds op soek na kampkommandante vir ons kampe vir die jaar, laat my gerus weet by watter kamp jy beskikbaar is. Onthou ook om so deur die jaar vir jouself 'n lys van kampe by te hou waar jy

graag sal wil kamp sodat jy dit later vir bestuur kan stuur met die oog op volgende jaar se kampprogram.

Die sekretaresse is tans saam met die ander lede van die streekbestuur besig om die meester-ledelys op te dateer, maak asseblief seker dat ons jou nuutste telefoon, sel- en e-pos adresbesonderhede het. Baie dankie aan Ina en elke ander voog vir hierdie belangrike werk.

Ek sluit af met die volgende aanhaling van Johan Smit:

“Vriendskap verstik in selfsug; dit groei net in liefde.”

Seniors gaan vleisbraai by Rietvleidam

Die eerste senior uitstappie vir 2012 is na die Rietvlei Natuurreservaat en vind op Dinsdag 14 Februarie plaas. Ons ontmoet mekaar om tien die oggend by die ontvangskantoor by die hoofhek. Toegang is R20 per persoon vir seniors. Ons gaan vleisbraai, elkeen neem sy eie eetgoed, eetgerei en drinkgoed saam. Bring maar 'n stoel ook saam.

Hoe om daar te kom

Vanaf Pretoria op die R21, draai af by die Irene afrit, draai links in Nelmapiusrylaan tot by die robot (M57) kruising. Draai regs, ry vir ongeveer 2km tot by die ingang links na die reservaat (dieselfde ingang as na “Stone Cradle”). Volg die reservaatbordjies vir ongeveer 700m tot by die hoofhek.

Met Hans Strydom, draai suid in Boeingstraat, ry reguit aan (M57) en oor die Nelmapiuskruising. Ingang na links ongeveer 2km na robot op M57.

Met Nelmapius, draai regs by robot op M57. Ingang na links ongeveer 2km na robot.

Tandartse by Elwierda Apteek

Dr René Pretorius

Dr Tania Erikson

Telefoon: 012 653 6154

Jakkals en Wolf stories

Wolf byt maar altyd die spit af in hierdie stories
Lekker lees!



Jakkals, Wolf en die ganse

Eendag het Wolf langs die rivier gestap. Sy vrou en sy kinders is honger by die huis. En hy besluit toe om 'n plan te maak vir iets om te eet. Soos die geluk dit toelaat, vang Wolf vyf ganse. Wolf vat die ganse, hy sit hulle in die sak oor sy rug, huistoe. Oppad huis toe ontmoet hy vir Jakkals.

"Môre, oom Wolfie!"

"Môre, oom Jakkie!"

"Hoe gaan dit, oom Wolfie?"

"Nee goed, oom Jakkie."

"Au oom Wolfie, maar ek ruik mos vleis in daai sak van jou!"

"Ja, nee wat, oom Jakkie, dis maar so vyf gansies wat ek hier teen die rivier vasgelê het."

"Ag, Oom Wolfie, wil jy nie maar die vyf ganse aan my verkoop nie?"

"Nee Jakkals. Ek kan nie die ganse aan jou verkoop nie, ek wil dit huis toe vat vir my vrou en my kinders."

"Ag, oom Wolfie, ek sal jou goed betaal. Ek gee jou vir elke gans 'n rand. En dié vyf rand kan jy by oom Leeu gaan kry, sê net vir hom ék het vir jou gesê hy moet daardie vyf rand wat hy vir my skuld vir jôu gee."

Daar vat Jakkals die vyf ganse. En Wolf gaan na Leeu toe. Leeu maak sy huis se deur oop.

"Oom Leeu, Jakkals het my na jou toe gestuur. Hy't gesê jy skuld hom vyf rand, en daardie vyf rand moet jy vir my gee sodat ek vir my kinders kan kos koop. Want hy't vyf ganse by my gevat."

"O nee, maar goed, kom dan in, Wolf."

Leeu maak toe oop, Wolf gaan in, en Leeu maak die deur toe. Toe gaan hy in die huis in, hy gaan haal sy sambok. Hy slaan vir Wolf vyf houe met die sambok. Toe Wolf uithardloop, skreeu Leeu agterna, "Dit is die vyf rand wat ek vir Jakkals geskuld het wat hy gesê het ek moet vir jou gee!"

Daar's Jakkals weg my die vyf ganse, en daar't Wolf sy ganse verloor, en nog 'n drag slae ook agterna gekry. Dis nie lekker so nie! Toe vat Jakkals ou Wolf se ganse, hy gaan eet die ganse, en daar laat hy Wolf nog 'n dekselse pakslae ook kry. Is dit nou regverdig so?

Laat dit goed gaan met julle hierdie jaar en tata tot volgende keer



Tannie Alet

Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota
Gerrit Maritzstraat 597
PRETORIA-NOORD
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

BRITS WOONWAENS



Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreëks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za

Kerspartytjie by Joos Becker terdeë geniet



Johann, Drian, Andelein, Wian en Anieke



Andelein (agter) met Drian, Marissa en Wian (voor)



Kersvader toon sy slag met Schalkwi Nolte



Kersvader en Bernice Fourie



Die Burgers: Rian, Wian, Ronel, Schalk, Emma, Anieke en Frieda



Seef en sy mense: Derrick, Dalize, en Andrea du Plessis saam met Madeline Fourie



Die Lemmers: Johann, Alet, René, Rigard en Gerrie



Ronelle King en Frieda Burger wys hoe dit gedoen moet word



Jaco en Wilmi Burger



Oom Gert Rall wals die vloer vol



TOEKA SE FOTO'S: Links bak Simoné en Bernice Fourie modderkoekies (2001), die Nolte-boemelaars (2004) en die kersboomfunksie van 10 jaar gelede by VEK (regs)

Schalk gesels met 'n steler wat 'n deler geword het

Gedurende die feestyd vlieg die dae so vinnig verby dat 'n mens eintlik wens dat jy jou kon verveel, dan sou dit darem stadiger verbygegaan het. Kersfees en Nuwejaar is verby, en ons is almal weer terug in die tuig, of altans diegene van ons wat nie so gelukkig is om al op pensioen te wees nie! Ek het die geleentheid gebruik om met 'n paar van ons "jong" Kiepersollers te gesels (jonk in Sawa-kampe, maar nie in jare nie!) Dit het my sommer weer laat terugverlang na my Suidwesdae toe ek daar grootgeword het, of "opgegroot" het soos hulle gewoonlik gepraat het.

Anna Margaretha Cronjé was die jongste van vyf kinders en is op 'n baie jeugdige ouderdom op die plaas Holfontein naby Swartruggens gebore. Sy was in die Holfontein-Rietfontein plaasskool tot standerd vyf. Hier was die 50 leerlinge in twee klasse ingedeel, met standerd drie tot vyf in een klaskamer. In sub B (graad 2) het sy geelsug opgedoen en moes toe vir ses weke op haar rug by die huis in die bed lê. Om die tyd om te kry, het sy begin lees, en toe byt die leesgogga haar! Dit het so erg gegaan dat haar ouers haar eenkeer by 'n naburige plaas vergeet het, omdat sy êrens in 'n kamer gelê en lees het. Eers op pad terug toe hulle haar roep om die plaashek oop te maak, en sy nie reageer nie, het hulle agtergekom dat sy nie saam met hulle in die motor was nie! Op skool het sy nie juis in sport belanggestel nie, en moes baie kere in haar ouers se plaaswinkeltjie werk, iets waarin sy geen behae gehad het nie! Hierna was sy in die Hoërskool Rodeon op Swartruggens en kon eenkeer per maand huistoe gaan. In die hoërskool moes sy so hard studeer dat sy nie aan verhoudings aandag kon gee nie (as mens dit nou kan glo!) Sy het so bietjie meer as 'n paar onderskeidings gekry en is daarna na Huis Klaradyn op Tukkies. Hier was Carike Keuzenkamp van "Timothy"-faam haar senior, en later is sy na Huis Erika. Gedurende een jool met die vlotbouery op die kerkterrein het sy en ander

meisies, sonder om te vra, 'n ou se motor "geleen" om na die joolaktiwiteit op die proefplaas te gaan kyk. Toe hulle laat die aand die sleutels vir hom teruggee, het hy nog nie die motor gemis nie, en hulle het maar net so terloops melding gemaak dat sy motor nou op 'n ander plek geparkeer was!

'n Paar jaar vroeër egter is daar in Krugersdorp 'n seun gebore, die eerste van ses kinders. Hy is skool toe op Krugersdorp, maar op sesjarige ouderdom het hulle Windhoek toe verhuis, en was hy in die Orban Laerskool. In standerd ses is hy na die Windhoek Hoërskool, en in beide standerds nege en tien was hy een van die eerste leerlinge in die Jan Möhr Hoërskool. Die skoolhoof was Boesman van Niekerk en die Afrikaanse onderwyser was Kaffer Neethling. Meneer Kaffer was ook die koorafrieter en het hom dikwels versoek om eerder bietjie sagter te sing vir beter harmonie. Hy was 'n kranige atleet en het presteer in die destydse 880 tree en myl wedlope. Hulle het baie by sy pa se strandhuis op Hentiesbaai gekuier en visgevang. Hulle buurman daar was Norman de Jager, en raai wie was dié se vrou? Die Sarah van die liedjie 'Sarah de Jager' wat deur Carike gesing is. Hulle het baie keer saam gehengel.


Hy het onder die ou lotingstelsel vir die Leergimnasium aansoek gedoen, en was onder andere in die Staatspresidentswag. Gedurende hierdie tyd het hy ook aan landlope begin deelneem. Hy is daarna na Tukkies vir tandheelkundestudies en het in Kollege Huis tuisgegaan. Met landlope het hy saam met die destydse Noord-Transvaalspan deelgeneem saam met manne soos Andries Krogman. Op hierdie stadium het hy 'n omgeboude DKW besit, wat uit dele van twee verskillende DKWs bestaan het, met so skreeu-oranje kleur en 'n wit dak, amper soos die een van Steve Hofmeyr, en toe "steel" iemand een

aand hierdie motor, waarvan hy toe eers uitvind toe hulle so ewe hoflik vir hom die sleutels kom teruggee. Hy het so half en half kennis geneem van die "bestuurder", seker maar omdat hy so effe omgekrap was oor die aangeleentheid. Sy werklike ontmoeting met die "dief" het eers plaasgevind toe haar vriendin 'n klomp mans oornooi na 'n "kombuistee", hoofsaaklik omdat hulle die vervoer soontoe kon verskaf.

Hier het hulle toe heelwat nader kennis gemaak met mekaar en nie oor die "leen" episode uitgewei nie, daar was meer interessante dinge om te doen, en die DKW het hulle nou gedeel! So het dinge ontwikkel, en anderhalf jaar later, net nadat sy klaar gemaak het as bibliotekaresse, is hulle getroud, terwyl hy nog geswot het. Na sy studies het hy in Windhoek begin praktiseer en 'n suksesvolle praktyk opgebou. Dit het hulle in staat gestel om die hele Namibië met sy Landrover plat te ry. Hulle het tans drie getroude dogters, Anneke, Madelein en Karien, en hulle sesde kleinkind is in Januarie 2012 gebore.

Hy het sy praktyk in 1984 verkoop en toe by die Weermag aangesluit as Stafoffisier: Tandheelkunde. In 1994 het hy begin by 1 Militêre Hospitaal as kolonel, en het ses jaar gelede afgetree. Con en Magriet Arnold het hul eerste woonwa in 2000 gekoop, maar hulle eerste kamp by Kiepersol was by Emmarentia Geldenhuys nadat hulle deur Frieda Burger saamgenooi is. Daarna het hulle by Sawa aangesluit en die kamp by Weesgerus bygewoon. Hulle het geleer daar is baie om voor dankbaar te wees, en om selfrespek te hê en ook te betoon aan hulle medemens, iets wat hulle dalk onwetend gehelp het nadat hulle afgetree het.

In sy boek "The Resiliency Advantage" sê Al Siebert: "Self-esteem is your emotional opinion about yourself. Strong, healthy self-esteem serves like a protective, thick emotional blanket that buffers you from feeling hurt by harmful criticism".



Seniors

Tannie Anna Rall word 80

Die jaar 2011 is op Dinsdag 14 Desember afgesluit toe van ons seniors tannie Anna Rall se verjaarsdag gesellig gevier met 'n ontbyt onder die bome van die "Barn Restaurant" by die Irene Melkplaas. Ons is so dankbaar dat sy en oom Gert nog lede by Kiepersol is en dat hulle nog saam met ons kamp. Kyk mens na die twee mense kan jy nie glo dat hulle reeds 80+ is nie, albei is nog so op en aan die gang, 'n voorbeeld vir ons almal (kyk foto op bladsy 3).

Maar hier is so bietjie inligting oor die melkplaas. In 1889 koop Alois Hugo Nellmapius 'n gedeelte van die plaas "Doornkloof" by Daniel Erasmus. Nelmapius ontwikkel die plaas en die "Irene Estate". In 1895 verkoop hy die plaas aan Johannes Albertus van der Byl (Bertie), en dit behoort nou reeds vir vyf geslagte aan die Van der Byls. Na die einde van die Anglo Boereoorlog in 1902 het Bertie die dorpie Irene laat proklameer. Dit is vernoem na Irene, die dogter van AH Nelmapius. Op die plaas brei die beeskudde uit en honderde bome word aangeplant. Bertie laat ook in hierdie tyd die Irene gholfbaan uitlê.

Die "Barn Restaurant" word druk besoek in die week en oor naweke wanneer partytjies (vir grootmense en kinders) daar gehou word. In die week is dit 'n gewilde kuierplek vir kinders om te speel en te klouter op die plaasimplimente wat om die restaurant rondstaan terwyl Ma en 'n vriendin gesellig tee drink en kuier. By die ander restaurant "The Deck" by die winkeltjie, word ook ontbyt en heerlike gebak bedien. Stap jy deur die winkel met sy volgelaaide rakke met beskuit, konfyt en varsgebak weet jy nie wat om te kies nie. Emmertjies met vars melk kan elke dag daar gekoop word. Iets wat jy moet aankoop as jy daar besoek aflê is hulle vars room, ryk en lekker, ideaal vir die botterbroodjies wat jy gaan bak as jy by die huis kom.

By die winkel en ook by die restaurant aanvaar hulle geen kontant nie slegs krediet en debietkaarte. Wat so lekker is by die Irene Melkplaas is dat jy daar geen toegang hoef te betaal soos by vele ander besienswaardighede in en om Pretoria nie. Die parkeerterrein is groot en daar is 'n sekuriteitsman aan diens.

Tot 'n volgende keer.

Groete van Frank en Hettie

jongklomp



'n Tiener vra:

Hoekom kry ek 'n puisie voor 'n groot aand uit?

Is dit hormone se skuld as jy buierig en opstandig raak? Of 'n puisie kry voor 'n groot aand uit? Of selfs as jy soggens sukkel om op te staan?

As jy verstaan wat in jou lyf gebeur, help dit dalk om te verstaan hoekom jy is soos jy is. Dit kan jou ook help om sekere goed te behandel – byvoorbeeld puisies.

Androgene: hormonale towerdoepa

Jy word tussen die ouderdom van ses en agt jaar vir die eerste keer aan die mens se eie hormonale towerdoepa blootgestel; dis nou wanneer die adrenale kliere (ook bekend as die byniere) aan die bokant van die niere androgene begin vrystel. Die vervaardiging van androgene is maar net die begin van 'n stortvloed hormone waaraan jy blootgestel word. Saam vorm die hormone 'n ingewikkelde en sensitiewe stelsel waarin een hormoon se vlak dié van 'n ander

bepaal.

Op ongeveer tien jaar vir meisies en twaalf vir seuns is die androgeenvlakke hoog genoeg om hare op jou liggaamsdele en onder jou arms te laat groei, jou vel olieriger te maak en aknee te veroorsaak.

Oeg, en hulle is ook nog verantwoordelik daarvoor dat jy in jou tienerjare so sleg kan ruik as jy sweet en nie gereeld bad nie.

Androgene word opgevolg deur gonadotropien, 'n hormoon wat die geslagskliere stimuleer. Oor die volgende jaar of twee neem die vlak van gonadotropien in die bloed skerp toe. Dit lei tot die vrystelling van nóg hormone deur die hipofise – 'n klein klier in die brein – wat jou eierstokke (as jy 'n meisie is) of jou testes (as jy 'n seun is) aanskakel.

Nou is jy nóg vis nóg vlees, maar al kniediep in jou puberteit. Namate jy dieper in jou puberteit ingaan, word meer hormone vrystel.

Elise-Marie Tancred
(Vervolg)

Nuusmakers by Joos Becker-oorhandigings



Magdanell en Theunis Botha: Verdienste vir bywoning en Romanz



Willie en Elma Bronkhorst: Verdienste vir bywoning



Johanna Fourie vir wyle Nic: Verdienste postuum



Jo en Pierre de Villiers: Verdienste Romanz



Rigard Lemmer: 40 Eie Streek; 50 Algemeen




100 Saamtrekke vir Jannie en Ina vd Berg



Hannie en Hennie: 75 Eie Streek



Kampkommandante by Hennie: Schalk en Marianne Nolte, Ina en Jannie vd Berg



André en Magriet Baker: 60 Eie Streek; 75 Algemeen



Skakel om 'n afspraak te maak
072 949 6293
(Maandae gesluit)

Op die hoek van Chris Hougaard en
Springbokstraat, langs die
pandjieswinkel, Wierdapark

Kom loer gerus in as jy nog nie hier
was nie

Parkeer onder groot bome
Ondersteun ons eie mense

ELWIERDA APTEEK

Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

Kom maak kennis en kry:

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

Elwierda Apteek

Koedoestraat 184 Wierdapark

Telefoon 012 653 6153 012 653 6172

VERJAARSDAE



*Dis vir
Kampkrummels
baie
aangenaam
om die mense
wat hiernaas
genoem word
geluk te wens
met hulle
verjaarsdae*

FEBRUARIE

06 Madeline Fourie
08 Schalk Nolte
08 Marianne Nolte
09 Hennie Briedenhann
10 Mercer Jordaan
11 Regardt de Swardt
15 Elize Kruger
18 Andries Schoeman
18 André Voges
21 Jo de Villiers
21 Pieter de Vries
21 Fanie Marx
25 Poen Venter
26 Alida Jordaan
27 Litia Joubert
28 Maude Ferreira

Kuier by mandjiedans, sokkie

Kom kuier en verkeer lekker sosiaal saam met vriende by Kiepersol se mandjiedans, sokkie op Saterdag 3 Maart by Kendensaal, Denel. Braaivleisvure en musiek sal verskaf word. Dis ook 'n fondsinsameling vir ons streek en ons sal bly wees om almal daar te sien. Kaartjies is teen R50 stuk beskikbaar. Dis nou om swaarkry met lekkerkry klaar te kry!

Kampprogramme by Monateng

Vrydag 27 Januarie: Arriveer en slaan kamp op
19:00 Boekevat – Martiens de Swardt
Verwelkomingskoffie en tee

Saterdag

09:30 Boekevat – Frank Smith
09:45 Registrasie
Kuier gesellig saam. Onthou die restaurant by die Monateng Lodge vir 'n heerlike melkskommel
18:00 Ons braai saam
Dames, plaas julle slaai op die slaaitafel
Die nagereg is 'n verrassing
Schalk Nolte maak musiek

Sondag

9:15 Kategese
10:00 Kerkdiens
11:00 Afsluiting – onthou die koek!

Seniorsaamtrek vanaf Woensdag

Die klem val op rus na die opwindende en uitputtende feesgety

Aankoms en neskop

18:00 Boekevat

18:15 Braaivleisvuur gereed wees. Koffie/ tee/ sjerrie

Donderdag

11:00 Ons gaan kyk na muurskilderye in die ou leerlooierygebou in Silverton en geniet dan koffie
koek by die Lions' Den Restaurant

18:00 Boekevat

18:30 Elkeen bring sy eie bord kos en ons eet en kuier verder saam

Vrydag

Bly net waar jy is – moenie oppak nie, die naweek lê nog voor!



*Lief en
leed*

Con en Magriet Arnold het weer ouma en oupa geword met die geboorte van hulle sesde kleinkind, baie geluk

Schalk en Marianne Nolte, Pieter en Johanna van Biljon en Theunis en Magdanell Botha het huweliks-herdenkings gehad

Frank en Hettie se dogter is getroud, baie geluk

Die Noltes, Van den Bergs, Marxe en Lemmers se kleinkinders is "grootskool" toe, een van hulle is Marina van Louis en Madelein

Martin King het matriek geslaag, geluk ook aan al die ander leerders en studente

Johann Lemmer het Latyn SS 1V (UP) geslaag

Helmien van Biljon se moeder se gesondheid is nie goed nie, sy is in 'n versorgingsoord

Kinders blom by Kiepersol se kersboomfunksie



Joshua Anker



Andelein Bezuidenhout




Bern van Biljon



SJ le Roux



Darius van Biljon



Drian Swanepoel



Zander le Roux



Wian Burger



Anieke Burger



Dean du Plessis



Dian van Biljon



Mamma Heidi en Lua Neeb



Maegan le Roux



So draai en swaai ons



Kersvader kom aan



Lidia Lemmer



Bernice Fourie en Anieke



Marli Lemmer



Marissa Swanepoel



Emma Burger



Corlia Walker



Stian Joubert



Mamma Ronelle met Wilmi



Alexander du Toit



Karla du Toit



Emma du Toit



Dalize du Plessis



Schalk Burger



Suné van Huyssteen



Annelize Walker



Johann Walker



Janica Anker

**Foto's
geneem
 deur
Johann
Lemmer**



Bernice Fourie



Klein en groot dans lustig saam